LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

11-09-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 31 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **AFWESIGHEDE VAN LEERDERS:**

Ouers, leerders is almal skoolpligtig volgens die Skolewet. Indien u kind afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word. As 'n leerder 'n vraestel nie geskryf het nie, moet u die skool kontak vir alternatiewe reëlings.

2 **FOTODAG**:

Ons neem foto's op 26, 27 en 28 September 2017. Die individuele skoolpakkette beloop R60 (1 x A4 en 1 x A5). Daar is ook 'n spesiale Canvas vir R70 beskikbaar. Kinders het reeds bestelvorms ontvang wat by registerklasse betaal kan word.

3 **AKADEMIESE SPAN UITSTAPPIE:**

Die leerders het reeds briewe ontvang rakende die bogenoemde uitstappie. Leerders mag tot en met Maandag, 18 September hulle gelde inbetaal. Indien u enige probleem het, kontak asb vir Mnr Piet by die skool.

4 **KOOR**:

- Daar is GEEN Junior- of Seniorkoor oefening vir die week nie.
- Die Junior- en Seniorkoor program vir 3de kwartaal:

Wo	13 Sept	Geen oefening - toetsreeks	Snr koor	-
Wo	20 Sept	14:00 - 15:00	Snr koor	Oefening
Wo	27 Sept	Geen oefening	Jnr en Snr koor	-
Don	26 Okt	Kultuurkonsert	Jnr en Snr koor	Gekombineer met koorafsluiting

5 **LANDLOOP**:

Oefening - Maandag tot Donderdag vanaf 16:00 tot 17:00 by Hoërskoolbane. Vir enige navrae kontak vir Elmien Coetzee by 0796637358.

6 **SWEM**:

Ons hou 'n interhuis swemgala op Woensdag, 27 September by die Hoërskool se swembad om 14:30. Almal kan kom deelneem en kom kyk of jy die span haal. Jy moet kan duik en een of meer slae kan swem.

Swemligadatums: 11 Oktober; 18 Oktober; 25 Oktober en 1 November is Interprimêr.

7 **EISTEDDFODS:**

Alle Eisteddfod tye is uitgegee, indien daar enige navrae is oor tye wat kort, vra asb by Juf Helanie of Juf Lizelle.

SUIKERBOSRAND:

Die 2de deel van die Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 11-15 September, vokaal en musiek: 18, 19, 20 September. Dit sluit die volgende afdelings in: Drama (11-15 Sept te TPA Saal); Kuns; Vokaal (sang) & Instrumentaal (18-20 Sept te Laer Volkskool). Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 15 September. Tema: Bome. Formuleer ook 'n naam vir jou eie kunswerk.

Suikerbos Deel 2 se tye is uitgegee. Alle navrae vir Juf Lizelle en Juf Helanie.

Bring asb jou oorspronklike sertifikaat, geen afskifte nie.

8 **HOKKIE**:

Die 1ste en 2de span dogters speel môre wedstryd by Dick Fourie teen Midvaal.

9 **VRYDAG VERKOPE;**

Daar word Vrydag, 15 September heerlike, koue roomysdobbertjies verkoop vir R10 elk. Bestel solank by jou klasonderwyser.

10 **MINI-HOKKIE:**

Baie dankie aan al die leerders wat die oefeninge bygewoon het en ouers se ondersteuning tydens ons Mini-Hokkie seisoen.

11 **MINI-KRIEKET:**

- Geen oefening vir Maandag nie maar wel Woensdag vanaf 14:00 tot 15:00 by die skool se velde.
- Inligting sal deurgegee word van Saterdag se wedstryd by Vaal Pukke.

12 **KRIEKET**:

Baie dankie aan elke speler en ouer vir die afgelope krieket-seisoen.

Die 0/9 spelers het briewe ontvang vir die harde bal wat volgende kwartaal plaasvind.

13 **SKAAK**:

Baie geluk aan al ons skaakspelers en -spanne wat die afgelope naweek deelgeneem het aan die Gauteng Skole kampioenskappe. Die 0/9A's het 'n 3de plek verower en die 0/11A's het silwer medaljes gewen. Julle het pragtig presteer en ons is baie trots op elkeen!

14 **FIELA SE KIND:**
Hoër Volkskool bied aan die regte, egte Fiela se kind produksie met oorspronklike akteurs, op 14 -16 September 2017 om 19:30 vir 20:00. Koste beloop tussen R100; R160 en R200 per bespreekte sitplekke. Kontak vir Ria Fourie by 0163413165 of 0835641589.

15 **SPREEKKOOR**:
Geen oefening vir vandag nie, maar wel weer volgende week.

16 **GRAAD RR EN R OPEDAG: 22 SEPTEMBER 2017**:
Vrydag, 22 September vanaf 08:00 tot 11:00 vind ons Klein Volkies se Opedag plaas vir alle voornemende Graad RR en R maats en ouers van 2018. Die verrigtinge begin 08:00 in die mediasentrum. Pret aktiwiteite sal daarna by die kleuterskool aangebied word. U as ouers is welkom om die bederf-oggend saam met die maats te kom geniet.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF